OPE BRIEF AAN DIE INWONERS VAN DIE CEDERBERG MUNISIPALITEIT

6 September 2021

Geagte Mede-inwoners van die Cederberg Munisipaliteit

VAN FABRIEKSWERKER TOT PROFESSOR TOT KOMMERSIËLE BOER

Ek het as ‘n 17-jarige werker in ‘n klerefabriek in Kaapstad my lewe begin. Later het ek vier akademiese grade in drie verskillende lande verwerf en het ek as ‘n besoekende professor in die VSA en Suid-Afrika opgetree. Ek het al agt boeke geskryf. Vandag is ek ‘n kommersiële sitrus- en groenteboer in die Cederberg Munisipaliteit en ek en my familie woon permanent in Clanwilliam.

Ek is 61 jaar oud en reeds vir 36 jaar getroud met twee volwasse kinders. Ek het verskeie uitvoerende posisie beklee in die regering, akademie en in besigheid waartydens ek baie ervaring in bestuur en administrasie opgedoen het. Ek is passievol oor Suid-Afrika en glo dat ek die potensiaal het om al ons probleme aan te spreek.

MUNISIPALE- EN PLAASLIKEVERKIESINGS BENODIG HULP

Die Ouditeur Generaal van Suid-Afrika het onlangs aangekondig dat munisipaliteite en plaaslike regerings in ‘n toestand van wanorde verkeer, met hoë vlakke van korrupsie en disfunksionaliteit. Die Weskaapse uitvoerende raadslid van Finansies, David Maynier, het in sy begrotingsverklaring van Maart 2021 onthul dat vier uit die dertig Weskaapse munisipaliteite gesamentlik R80.7 miljoen aan Eskom verskuldig is. Dit sluit die volgende munisipaliteite in: Cederberg (R39.6 miljoen), Beaufort-Wes (R29.1 miljoen), Kannaland (R13.9 miljoen) en Matzikama (R7.1 miljoen). Dit is duidelik dat indien ons nie administrasie en dienslewering op ‘n plaaslike vlak aanspreek nie, dié munisipaliteite ineen sal stort.

SLEGS INWONERS KAN DIE PROBLEEM OPLOS

Dit is die rol van die munisipaliteit om basiese infrastruktuur te onderhou, soos paaie, waterwerke, watervoorsiening, vullisverwydering en elektrisiteit. Ongelukkig gebeur dit nie. Waarom? Die antwoord: Swak leierskap en indiwidue wie nie omgee nie. Sommige sal sê – KORRUPSIE en ONBEVOEGDHEID.

Gevolglik het Cederberg Eerste Inwoners-Organisasie, ‘n groep besorgde en toegwyde inwoners, bymekaar gekom om ‘n praktiese oplossing te bedink om die Cederberg van ondergang te red. Ons wil nie sien hoe besighede ondergaan of dat die waarde van eiendomme ineenstort nie. Ons wil besighede sien floreer en dat die streek weer ‘n nommer een toeriste-aantreklikheid in Suid-Afrika word. Hoe gaan ons dit bereik?

CEDERBERG EERSTE – DIE OPLOSSING

Die oplossing is dat gewone inwoners beheer neem van die munisipaliteit. Dit is hoekom Cederberg Eerste Inwoners-Organisasie vroeër vanjaar gestig is. Ons is bereid om te help om die Cederberg te

herstel deur as Wykskanseliers mee te ding in die opkomende 2021 plaaslike verkiesing. Sodoende sal plaaslike inwoners weer die sake van die munisipaliteit bestuur.

Ons is 'n groep inwoners wie ons mede-inwoners wil dien – Ons is inwoners wat inwoners dien. Ons is nie politici nie. Ons is net inwoners wat siek en sat is vir onbetroubare politici wie leë beloftes maak wat hulle nooit nakom nie.

Ons vra dat julle ons sal vertrou met jul stem in die opkomende munisipale verkiesing. Ons vra dat julle vir ons 'n kans sal gun. Ons is net so gatvol soos julle. Stem vir ons.

Ons belofte aan julle:

- ✓ Stel bevoegde mense aan om die munisipaliteit te bestuur.
- ✓ Ruim ondoeltreffende dienslewering op.
- ✓ Verseker dat daar geen diefstal van geld en tyd plaasvind nie.
- ✓ Skep 'n Cederberg waarop die inwoners kan trots wees.

Martin Bergh

DIE SPAN

Burgemeester en Proposionele kandidaat

Ek is die wyksraadslid kandidaat vir Clanwilliam asook vir burgemeester. Ek word deur Martin Bergh, Besturende Direkteur van Rooibos Limited, as proporsionele kandidaat ondersteun. Ons kandidate vir wyksraadslede is gewone inwoners wie 'n passie het vir die regte ding doen:

WYK	KANDIDAAT
Wyk 1 (Citrusdal Plase)	John Hunter, voormalige gesondheidsinspekteur, entrepreneur en huidige besigheidseienaar
Wyk 2 (Citrusdal)	Louween Bok, 'n administratiewe assistent.
Wyk 3 (Clanwilliam)	Ruben Richards, boer.
Wyk 4 (Graafwater)	Jimmy Barnard, pad-herbouer.
Wyk 5 (Lambertsbaai)	Beverley Van Der Heever-Schalk, vissersvrou en gemeenskapsaktivis.
Wyk 6 (Wuppertal)	Thomas Francois Waldeck, gemeenskapsaktivis en predikant.

VISIE, MISSIE, DOELWITTE EN KERNWAARDES – volgens ons C.E Konstitusie

VISIE	'n Goed-bestuurde Cederberg Munisipale Streek waar daar meer werksgeleenthede as inwoners is.
BEROEP	Om potensiële kanseliers en proporsionele kandidate te verkies wat die vereiste vaardighede en waardes het om die HELE Cederberg gemeenskap doeltreffend en koste-effektief te verteenwoordig.
DOELWITTE	Ons gemeenskaplike doelwit is om die identifisering, opleiding en ondersteuning te fasiliteer van kandidate wie in die plaaslike verkiesing in al die wyke van die Cederberg Munisipale Streek gaan meeding.
KERNWAARDES	• Ons vier doeltreffendheid, produktiwiteit en bevoegdheid. • Ons beoefen inklusiwiteit en diskrimineer vervolgens nie op grond van ras, kleur, geloof of geslag nie. • Ons onderskryf die gedragskode van die OVK

Met vele dank, in afwagtinge op jul stem.

Die uwe,

Ruben Richards

Dr Ruben Richards
Burgemeesters kandidaat